**2 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 123**
**Fokusgedeelte: Psalm 123:1, 2**

**Ek hef my oë op tot U in totale afhanklikheid, alleen op u ontferming aangewys**

Onder watter omstandighede ontstaan hierdie Psalm? Die digter-bidder is op pad na die ontmoeting met God in die tempelstad, Jerusalem. Langs die pad kry hy te doen met die spot en veragting van oormoedige, hoogmoedige (waarskynlik heidense) mense. Hierdie spot, omdat hy op pad is om 'n onsigbare, "afwesige" God te ontmoet, raak hom nie net persoonlik nie, maar dit raak die hele volk van God.

Ons ken dit. Wat is die beeld van en oordeel oor die kerk in ons wêreld vandag? Hoe oordeel vandag se mense, wat genoeg het aan hulleself en vol is van hulleself, oor die swakhede van die kerk? Die swakhede word aan die kaak gestel en daarmee word die spot gedryf. Van kerkmense kan wel volstrekte gehoorsaamheid verwag word …

Wat doen die digter dan? Hy rig hom tot God in gebed. Soos 'n slaaf, wat destyds heeltemal aan sy eienaar behoort het en in alles van hom afhanklik was, wend die digter hom in totale afhanklikheid tot God: soos 'n slaaf wat geen regte het nie en nie op enigiets aanspraak kan maak nie, selfs sy lojaliteit was 'n plig – sonder enige beloning; soos 'n slaaf wat net vra om ontferming, genade, omdat hy nie alleen niks het om aan te bied nie, maar omdat hy in werklikheid eintlik 'n ontroue slaaf is ...

Paulus noem homself en sy ander medegelowiges *diensknegte*, letterlik *slawe* van Jesus Christus (Rom. 1:1; 1 Kor. 3:5; Gal. 1:10; Fil. 1:1; Tit. 1:1). God se knegte staan in werklikheid onder die oordeel vanweë hulle sonde. Die kritiek van die wêreld op kerkmense is nie uit die lug gegryp nie. Mense wat sonder God lewe, vol is van hulleself en geen genade nodig het nie, dink dat hulle met klippe kan gooi, maar natuurlik kan hulle nie. Kerkmense kan hulleself egter ook nie verontskuldig nie. Ons is inderdaad sondaarmense, in eie oë selfs groter sondaars as al die ander (1 Tim. 1:15). Inderdaad is God se knegte alleen op genade aangewys.

Ook Psalm 123 is 'n pelgrimslied: die digter is op pad na die tempel waar die bloed van offers moet vloei – 'n heenwysing na die bloed van Christus wat vir die versoening van ons sonde moes vloei. Alleen danksy sy volmaakte offer word slawe van die sonde kinders van God. Daarvoor het ons Here ook sy Gees gegee (Rom. 8:15), die Gees wat nuwe harte gee (Eseg. 36:25-28). Ons is nie langer slawe (wat ons van nature is, Rom. 7:14) van die sonde nie, maar vrygemaak van die mag van die sonde (Rom. 6:6).

*"Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?"* (Sb 5-4:1).

*Sing: Psalm 123.1:1 of 123.2:1, 2* *Ds. H Dijkstra (Emeritus)*